NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 30
27 AUGUSTUS 2017



OGGENDDIENS 09:00

Lees: Romeine 14:13-23
Kernvers: Ef.6:14
Tema: 'n Lewe van geregtigheid is die wapen wat God gee om jou teen die bose te verdedig
Sang: Ps.25:2; Ps. 48:1,2; Skr.12-3:1,2; Ps.139:12; Skr.15-5:1,4,7; Ps.40:4

Jy bevind jou in 'n geweldige geestelike geveg
God rus jou toe met geregtigheid
Verdedig jouself deur in die regte verhouding met God te leef

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

KOLLEKTES

Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)
By die deure: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)

Spesiale Kollekte: Aand kollektes:
27 Augustus: GKSA Teologiese Studentekas

KALENDER

AUGUSTUS

27 Bewaring en Herwinning
28 Emosionele Ondersteuning

SEPTEMBER

2 Diakonie: Lengteontbyt
3 Lektuur: Lenteboekuitstalling
7 Etiekgesprek
9 Bybelvasvra
13 Finansies
14 Seniorlidmate: Ete; Etiekgroep
16 Diakonie: Bosberaad; Diakonie: Inryfliek
20 Administrasie
21 Etiekgesprek; Diakonie
23 Terreinbespreking
25 Susters: Bestuur
28 Etiekgesprek
29 Skole sluit

OKTOBER

9 Skole open; Seniorlidmate: Bestuur
12 Seniorlidmate: Ete; Musiek; Etiekgesprek
15 Diakonie: Kinderhuisprojek
18 Etiekgesprek
19 Diakonie

MEELEWING

Marie van der Walt is die afgelope week oorlede.
Ons dink aan haar gesin in hierdie tyd.

Petro Snijman se gesondheid het 'n terugslag gekry (Bell's-verlamming). 0712983069
Baie sterkte. Ons vertrou dat jy gou heeltemal sal herstel.

Die Rekordeksamen het die week begin. Baie sterkte aan die matrikulante en personeel wat betrokke is.

VERJAARSDAE Gelukkige verjaardag!

Geb dat	Noemnaam	Van	Wyk	Landlyn	Selfoon
28/08	Pieter	Du Preez	A4		0828575018
28/08	**Kleintjie**	**Kleynhans**	**A4**		**0723762404**
30/08	**Lenie**	**Henning**	**D2**	**0125427622**	**0835220556**
30/08	Lj	Jansen Van Vuuren	D1		0824244312
30/08	Johan	Van Der Westhuizen	B3	0125493588	0824374455
31/08	Arno	Badenhorst	C6	0125654686	0823333223
02/09	Henrihette	Robbertse	C4	0125422392	0620834736

BYBELSTUDIE

Amandasig: Donderdag 7 September 2017 (10:00) Huis Nr 37. Kontak Annatjie Briel 0125656046/+27723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

Eden: Dinsdag 5 September 2017 (09:30) by Simon Lessing (nr 6) Kontak: Dina Leibowitz 0125425141/ +27833204566 (1ste en 3de Dinsdag van die maand)

Snr 2000: Dinsdag 12 September 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 12 September 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Etiekgesprekke

Broeders en susters word hartlik uitgenooi na die etiekgsprekke op DV die volgende datums:
Donderdagoggend 7 Sept 9:00 by die pastorie – Die Christen en ekologiese besoedeling.
Donderdagaand 14 September by die pastorie – Die Christen en ekologiese besoedeling.

FINANSIES

My dankoffer: Waar pas my dankoffer by my leefstyl in?

Die Here, ons Verbondsgod, het bepaal dat die dankoffer wat ek aan Hom gee, met sy seën in my lewe sal ooreenstem. Gee ek my dankoffer volgens die Here se seën of gee ek my dankoffer volgens wat ek met my leefstyl kan bekostig?

Indien leefstyl die maatstaf geword het, waarvolgens ons dankoffers gee, dan het ons weggedwaal van die maatstaf wat die Here neergelê het. Buiten dat leefstyl nie die Here se maatstaf vir dankoffers is nie, sal dit gebeur, omdat ons sondige mense is, dat die dinge wat ons leefstyl moontlik maak en in stand hou, voorkeur sal geniet bo ons dankoffer aan die Here.

Ek sal in ‘n netjiese luukse huis bly, met al die nodige toerusting om my lewe gerieflik te maak, ek sal ‘n kar ry met allerhande nuwe bykomstighede wat my ritte makliker maak, ek sal ‘n goeie selfoon met ‘n duur kontrak kry waarmee ek selfs foto’s kan neem, ek sal ‘n duur betaalkanaaltelevisie besit om sport te kyk, ek sal elke jaar sorg dat ek ten minste eenkeer ‘n duur vakansie kan bekostig om goed uit te rus na ‘n jaar van stres en ek sal nog baie ander dinge aanskaf om my gemaklike en gerieflike en soms luukse leefstyl te handhaaf.

Waar pas my dankoffer in hierdie leefstyl in? My dankoffer sal, omdat ek ‘n sondige mens is, oorskadu word deur al hierdie aardse dinge. My dankoffer sal bepaal word eers nadat ek al hierdie uitgawes om my leefstyl te handhaaf, in berekening gebring het. My dankoffers sal die uitgawe wees wat krimp, want al hierdie ander “noodsaaklikhede” word gedurig duurder.

Jesus se woorde *“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes nie verniel nie en diewe nie inbreek en steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees”* **(Mt.6:19-21)** is baie meer van toepassing op ons as wat ons dink. Die vraag is of ons na ons Verlosser sal luister. Wanneer ons na Christus luister sal ons nie ons aardse leefstyl bo ons dankoffer stel nie. Ons sal ons aardse leefstyl so aanpas dat ons die dankoffer kan gee wat ons Verbondsgod van ons verwag.

SUSTERS

Teebeurte
Augustus: A3 en A4 September A5 en A6

ELJADA HUIS (Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont).
Indien u enige items (nie – bederfbare voedsel, klere en/of linne) wil skenk plaas dit asseblief by die verhoog gemerk vir Eljada Huis of skakel Annatjie of Petro by die tehuis: kontakbesonderhede 012 377 0503/060 9840809 (Annatjie) of 079 3775711(Petro). Meubels, tuinmeubels en gereedskap sal ook waardeer word. Die nuusbrief van die tehuis word op die kennisgewingsbord van die susters geplaas vir meer inligting in verband met die tehuis, behoeftes en werksaamhede.

KAMEELDRIFTDAMESOGGGEND 2017
Die vyftiende gesamentlike damesoggend (georganiseer deur die Gereformeerde Kerk Kameeldrift) ten bate van die President Kruger Kinderhuise in Pretoria en Reddersburg het op Saterdag 19 Augustus plaasgevind. Die gaskunstenaars was Drie van die Bestes naamlik Kevin Leo, Mathys Roets en Danie Niehaus wat die gaste met ‘n verskeidenheid van liedere en humoristiese vertellinge vermaak het. Die gasspreker was Sheri Brynard wat ten spyte daarvan dat sy met Down sindroom gebore is, bo verwagting in ‘n hoofstroom skool presteer, ‘n leiersposisie beklee en erekleure vir akademie verwerf. Sy gee alle eer aan God vir sy genade en loof Hom vir geleenthede. Sheri het na-skool verder studeer en werk as onderwyser-assistente by ‘n skool vir Down sindroomleerders. Sheri is ambasadeur vir en betrokke by navorsing oor mense met Down Sindroom en het al in verskeie groot stede oor die wêreld opgetree –onder andere by konferensies- om mense bewus te maak van die probleme waarmee mense met Down sindroom te kampe het. Sy noem onder andere dat enige persoon goeie en slegte tye beleef, maar dat jy moet besluit hoe jy dit gaan hanteer. Fokus op wat jy kan en het en nie op die dinge wat jy nie het nie of nie kan doen nie. Moenie dat jou omstandighede jou verhoed om jou drome na te streef nie. Sy vra dat gestremde mense geakkommodeer en aanvaar word sodat hulle ook hulle potensiaal ten volle kan uitleef. Vir God is almal spesiaal, ook persone met gestremdhede.
Die bedrag wat Saterdag aan die kinderhuise oorhandig is het kaartjieverkope asook donasies en skenkings ingesluit. Die inkomste van die damesoggend het deel geword van die kinderhuise se jaarlikse begrotings omdat die staatssubsidie nie tred hou met inflasie en nie

voldoende is om aan die groeiende behoeftes te voldoen nie.

SENIORLIDMATE

Seniorlidmate-ete en Senioruitstappie

Die volgende ete is weer DV 14 September in die kerksaal. Die spyskaart is soos volg: Beesbredie, rys, brokkoliegereg, pampoenkoekies en sagopoeding.
Skryf asseblief jou naam op die susterskennisgewingbord as jy die ete wil bywoon. Die koste is R35 pp en onthou asseblief eie eetgerei en drinkgoed.

Die Oktober-ete is DV ‘n uitstappie en ontbyt by Ludwigrose op 12 Okt 2017. Hou die datum oop asseblief!

BEWARING EN HERWINNING

Die vergadering van die Bewaring- en herwinningsdiensgroep wat vanoggend sou plaasvind word gekanselleer. Statistiek van items wat herwin is vanaf die vorige vergadering van 27 Februarie 2017 is soos volg: wit papier: 368 kg, ander papier (nie tydskrifte en koerante nie): 27 kg, glas:640kg, plastiek proppies: 47kg, plastiekbottels: 45kg.
Ons doen ‘n beroep op lidmate om asseblief herwinbare items kerk toe te bring. Die Bewaring- en herwinningsdiensgroep versamel, sorteer en lewer herwinbare items af sodat dit verwerk kan word vir hergebruik. Ons het ‘n Bybelse roeping tot die bewaring van die omgewing. Ons maak ‘n verskil aan ons omgewing al is dit hoe klein omdat elke item wat by die kerk afgegee word vir herwinning help dat minder grond aan stortingsterreine afgestaan word, die onmiddelike omgewing nie ontsier word nie, minder grondstowwe en elektrisiteit vir die vervaardiging gebruik word en dus minder lugbesoedeling veroorsaak.
Plaas asseblief herwinbare items in die houers soos volg: ○A4 - wit papier: by die verhoog in die kerksaal, ○ander papier en glasbottels: in die onderskeie houers langs die omheining van die huurhuis, ○broodsakkieknopies en plastiek bottelproppies: by die verhoog, ○ plastiekbottels en alluminiumkoeldrank en –bierblikkies: in die houers wat daarvoor gemerk is by die buite wasbakke.

LEKTUUR
In die Mediateek 120

Boek: In eenvoud voor God – Hannes Burger
Die probleem van oorlading en gejaagdheid is ten diepste ‘n geestelike probleem. Dit is wat ons ons lewensdoel laat mis waarvoor God ons gemaak het. Solank dit nie herstel nie, is daar geen moontlikheid dat ons ons lewe weer in orde sal kry nie, sodat werklike vrede ons deel is.

Hannes Burger gaan van die standpunt uit dat ware vrede en vreugde begin by ‘n opregte, éénvoudige verhouding met die Here. Eers daarvandaan kan die verhouding uitkring na ons verhouding met mekaar en ons elkedagse lewe.

AAN GOD AL DIE EER

Na 30 jaar in die gemeente en 26 jaar in die kerkkantoor sluit ek paar hoofstukke van my lewe af. Jare waar ek en my gesin en later net ek, baie omgee, liefde, ondersteuning en hulp ontvang het. ‘n Lewenspad wat ek met ‘n passie en liefde vir my naaste en my God gestap het. Waar ek uitgereik het na almal waar ek kon.

Ek kyk dankbaar terug na goeie mooi jare saam met medegelowiges. Daar waar ons sy aan sy saam gewerk en gekuier het.

Maar ook hartseer tye. Ek dink veral aan die tyd toe my man, Doep, siek was, baie lank in die hospitaal was en oorlede is. Waar mense na aan my ook dieselfde pad moes stap. Soveel mense se lief en leed saam geleef het.

God se genade en groot liefde maak dit moontlik om dankbaar te wees teenoor almal wat deel was van my lewe hier in Akasia.

Aan die Kerkraadslede oor baie jare, dankie vir die voorreg dat ek saam met julle die gemeente se administrasie, finansies en kommunikasie met eerlikheid en opregtheid , opdragte kon uitvoer.

Mag die gemeente Akasia onder leiding van God se wil, leef!

Omgee groete Ina du Plessis

KONTAK NOMMERS

LERAAR
Ds Johan Nel
0125424712 / 0760656347
neljohan5704@gmail.com

BREE KERKRAADSKRIBA
Dirk Pelser
0828148331
dpelsergm@gmail.com

KERKRAADSKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653
simonlessing9@gmail.com

KASSIER
Kontak Finansies Voorsitter
gkakasia@lantic.net

ATTES-SKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

NEUTEDOPPER
gkakasia@lantic.net

KERKRAAD DIENSGROEPE

Administrasie
Tinus van Wyk
012-5423963 / 0828590554

Beplanning en Bediening
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Bewaring en Herwinning
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

Bybelstudie
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Eiendom
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Emosionele Ondersteuning (BvR)
Floors Pelser
012-5422970 / 0721295923

Finansies
Christo Borstlap
0829018361

Fondsinsameling
Kobus Theron
012-5422933 / 0836091471

Gasvryheid
Floors Pelser
012-5422970/0721295923

Gebed
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Jeug
Belydend
Wietske Theron
012-5422933/0829279748
Skoolgaande
Suzette Pëtersen
0845150523

Katkisasie
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

Kommunikasie
Dirk Theron
0722729652
WEBADRES:
www.gkerkakasia.org.za
Jaco Theron
0723599078

Lektuur
Paul Kruger
0836566299

Musiek
Manda Nel
012-5424712

Ontspanning

Senior lidmate
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

Toerusting
Ds Johan Nel
012-5424712/0760656347

DIAKONIE

Voorsitter
Bettie Kruger
0848404222

Skriba
Dirk Theron
0722729652

Finansies
Dirk Pelser
0828148331

Onderstand
Tuané Pëtersen
0844393673

Kinderhuis
Bettie Kruger
0848404222

Funksies, Projekte
Jaco Theron
0723599078

SUSTERS

Voorsitter:
Manda Nel
012-5424712

Sekretaresse:
Franci Dreyer
012-5423562/0825426369

Tesourier:
Hetta Viljoen
0125423326/0731939017

Begrafnisse:
Martie Bishop
012-5422566/0835914171